Uit "Ons Vaderland" van 9 Junie, 1930.

# Afrikaanse Kerkbouer verklaar dat Zimbabwe die Produk van Kafferwerk van pas Vyf-honderd Jaar gelede is

## Mnr. Gerard Moerdyk sê hy sal in 6 maande grootste Ruïne Bou

Ons het altoos gemeen dat 't interessant moet wees om die mening te verkry van 'n praktiese, ontwikkelde Afrikaner oor die Zimbabwe-bouvalle, — iemand wat 'n gesaghebbende oordeel sou kan vorm oor die boumateriaal wat daar gebruik werd, sowel as die algemene voorkome en die omgewing; en ons het dié tans gevind by mnr. Gerard Moerdyk, die bekende boumeester, wat op die oomblik besig is om 'n kerkgebou van die Ned. Geref. Kerk neer te set vir die gemeente Enkeldoorn, in Rhodesië.

Mnr. Moerdyk besit dáardie praktiese kyk op ons boumateriale, ken iedere soort bousteen in die Unie, asook die uitwerking van weer en wind daarop, en is desweë instaat om die hele Zimbabwe-mysterie uit 'n heelnaal ánder standpunt te betrag as die mense wat ons tothiertoe die voordeel gegee het van hulle menings.



Mnr. Moerdyk

Mnr. Moerdyk is die vorige naweek in Pretoria teruggekeer van die hoeksteenlegging te Enkeldoorn, en het op sy terugweg enige tyd deurgebreng by die bouvalle, waar hy alles noukeurig ondersoek het. Hy was aanstonds bereid om ons te vertel wat hy daarvan denk.

**Bouvalle is niks anders as Bantu-werk.**

"Ek het daar niks gesien", sê mnr. Moerdyk, "wat mens kan laat denk dat die bouvalle ouer is as uiterlik 'n 500 jaar, of dat 't iets ánders is as Bantoewerk".

"Dit is 'n vernietigende verklaring", het die persman opgemerk by hierdie verrassende meedeling, "u beneem ons daar met één slag alle illusies oor die herkoms van die bouvalle"!

"Inteëndeel", verseker mnr. Moerdyk, "ons is ryker in die besit van iets waarvan ons m.i. kan weet dat dit die begin is van 'n kultuur, die eerste pogings om te geraak tot iets anders as stooihuise en hole, as in die gedagte aan die besit van dinge wat op sy beste maar 'n dekadente voorbeeld moet wees van 'n kultuur wat hierheen oorgebreng werd uit Indië, Asië of die Middellandse-see".

"Maar dáar die wonderlike goue voorwerpe, die goue spykers en krale, die brons en koper, die voëls en die dierereiem,—ál die dinge wat daar opgegraaf werd?"

"Alles Bantoe-werk, of dit is dinge wat via Sofala daarheen gebreng werd, soos ook die aarde-werk en porselein wat hulle daar gekry het.—Die veelbesproke voëls, b.v. is die suiwerste kafferwerk wat ek nog gesien het, énige naturel sal dit vandag nog uit die sagte pypklip sny. Ek het die dinge bekyk wat hulle in die museum te Boelawayo en Salisbury bewaar, ek weet van die versameling in die Londense museum, en van dié in Grote Skuur, maar ek het ook dáar niks aangetref wat nie kafferwerk kan wees nie, of waarvan die aanwesigheid nie verklaar kan word deur invoer van buite-af nie".

"Maar kaffers het nergens 'n bewerkte klip gebruik nie",—aldus die persman, wat die denkbeeld aan 'n eeueoue "beskawing", en die "welsand van die naturellebloed waarin dit ondergegaan het", volgens genl. Smuts, slegs node wil loslaat,—"gehamerde bouklip, graniet, wat bewerk is, en die driehoekversiering, met die kegelvormige torens ......?"

**Geen Enkele Klip was Bewerk Nie.**

"Niks van aan nie", verklaar mnr. Moerdyk, en hier moes mens wel luister naar 'n deskundige. "Daar is nie één enkele klip in daardie hele ruïne wat met 'n hamer of ander gereedskap bewerk is nie. Die driehoek-versiering in

ferwerk kan wees nie, of waarvan die aanwesigheid nie verklaar kan word deur invoer van buite-af nie".

"Maar kaffers het nergens 'n bewerkte klip gebruik nie",—aldus die persman, wat die denkbeeld aan 'n eeueoue "beskawing", en die "welsand van die naturellebloed waarin dit ondergegaan het", volgens genl. Smuts, slegs node wil loslaat,—"gehamerde bouklip, graniet, wat bewerk is, en die driehoekversiering, met die kegelvormige torens ......?"

**Geen Enkele Klip was Bewerk Nie.**

"Niks van aan nie", verklaar mnr. Moerdyk, en hier moes mens wel luister naar 'n deskundige. "Daar is nie één enkele klip in daardie hele ruïne wat met 'n hamer of ander gereedskap bewerk is nie. Die driehoek-versiering in

één van die mure, is presies dieselfde wat mens vandag op iedere kafferpot nog kan sien".

"Het die naturelle die motief dan nie veleer van die bouvalle nie?"

"Onmogelik, omdat die bouvalle nie oud genoeg is nie. Ek het die graniet waarin dit opgetrek is, sorgvuldig ondersoek, en naar my ervaring van die uitwerking van wind en weer op graniet, reken ek dat dié van die Zimbabwe-mure op sy uiterste 'n 500 jaar daaraan blootgestel kan wees. Kyk maar naar die graniete stene in énige kerkhof, en u sal die uitwerking van die elemente daarop sien."

"In die graniet-groewe van die oue Egiptenare, aan die bo-Nyl, lê 'n halfvoltooide graniete badkuip, waaraan vandag nog, na duisende jare, iedere beitelmerk, iedere boor-indruk, hoe klein of swak ook, gesien kan word, sonder enige merkbare uiterlike teken van verweer."

"Die Egiptiese reënval," antwoord mnr. Moerdyk, "is, soos u weet, uiters gering, en kan dus nie dieselfde uitwerking op die graniet hê as die reënval van die trope, waarbinne hierdie bouvalle geleë is."

**Klippe is niks anders as doppe en skilvers**

Hy vervolg:

"Vir my is dit so klaar as die dag dat die graniet waarvan die Zimbabwe gebou is,—en dit geld van ál die ander bouvalle ook,—nie gekwarrie werd nie, maar niks anders is as die doppe of skilvers wat daar in die loop van die tyd van die grote graniete klompe afspring. Dit kom van reuse blokke, sodat, wanneer dit stukkend geslaan is met 'n ander klip, die buiging of ronding noueliks merkbaar is, en tog het ek die buiging of holte in 'n menigte van die klippe herken. As so'n stuk dop of skilver 'n slag gegee werd met 'n ander klip, spring dit in verskillende stukke; die dikte is éengalig, en daar ontstaan verskillende gelyke "gesigte," wat vir die buitewerk gebruik kan word."

Die klippe is dus nie 'nagenoeg vierkantig' nie?

"Ek geloof nie dat mens éen enkele klip in die bouval sal kry wat vierkantig is nie,—of dit moet die pure toeval wees. Daar is net 'n bou-aansig, en dié word in die buitewerk aangebreng, terwyl die hoekige punte in die binnemuur kom. Die lae van die bouwerk is ook nie gelyk nie, maar soos iedereen op die portrette kan sien, pieter dit soms uit op heel dunne klippe, en dan kry mens twee lae waar met één begin was. Die lae loop nie waterpas nie. Daar is nie soveel as één enkele meetkundige vorm aan die hele ruïne te sien nie. Die mense wat dit opgetrek het, het nie die flouste nosie gehad van 'n meetkundige vorm nie, 'tsy 'n sirkel, 'n hoek of 'n reguit lyn. Hulle het van meetkunde nike geweet nie. Iedere duim van hulle werk is dieselfde as die kafferwerk van vandag,—heelmaal onreëlmatig, krom en skeef, uit die lood en ongelyk in dikte.

"As die mure daar maar dan 'n paar honderd jaar gelede gebou werd, sou daar vandag nie meer veel van orend blystaan het nie, omdat die vye-wortels, wat nou verwyder werd, en die Zimbabwe-klimop dit alles inmekaar sou getrek het. Die grootste bome wat daar in die bouvalle staan, is nie meer dan 'n honderd jaar oud nie.

"Die buitenste kop-laag van die bouklippe toon 'n heel geringe p a t i n a, maar lang nie wat mens sou verwag van klippe wat deur die gryse eeue heen aan wind en weer blootgestel was. Hier en daar sien mens die begin van die vorming van mos, maar heel jong.

**Strooise het binne die mure gestaan.**

"Die kegelvormige torens word net aan die ingange gevind, en my eie verklaring daarvan is, dat 't geen ander doel gedien het as om die inwendige waar die strooihuise gestaan het aan die blik te onttrek. Dieselfde geld m.i. van die lange dubbele muur. Ek onderstel dat die strooihuise binne in die verskillende afdelings gebou was, en dat dié natuurlik deur brand en ander oorsake heelmaal vergaan het. Aan die hedendaagse boukuns is geen konstruksie bekend,—behalwe die gebruik van stale balke,—waardeur enige van die ruimtes die mure van 'n dak voorsien kon gewees het. Dit was m.i. altoos oop, en die strooihuise werd daarbinne gebou."

"Maar daar moet ergens nog 'n houte latei aanwesig wees?"

"Nergens nie."

"Of dit was daar eenmaal gewees?"

"Waartoe sou dit daar gewees het? Daar is geen dak nie. Die mure staan los van mekaar. Die ingange is tussen die mure, sonder verbinding.

"Wat my nog die meeste van alles opgeval het, is die geringe slytasie van die trappe aan die ingange. Neem die vernaamste een,—wat ek beskou as die hoof-ingang, wat 'n aantal treetjies bevat, eweneens van graniet. Daar is nouelike enige teken van slytasie. As die dinge duisende jare oud was, dan moet dit hol uitgeslyt wees.

"Ja, maar die ou-mense het kaalvoet gegaan?"

"Dit maak geen verskil nie, want wat die slytasie veroorsaak is die skuring van sand en grint onder die voet, of dit 'n soolleer is of net die harde sool van 'n kaffervoet."

**In forte is geen 'militêre genie' te vinde nie.**

"Maar daar is nog veel meer," vervolg mnr. Moerdyk. "'n Endjie van die sogenoemde tempelgebou, op 'n koppie,

"Wat my nog die meeste van alles opgeval het, is die geringe slytasie van die trappe aan die ingange. Neem die vernaamste een,—wat ek beskou as die hoof-ingang, wat 'n aantal treetjies bevat, eweneens van graniet. Daar is nouelike enige teken van slytasie. As die dinge duisende jare oud was, dan moet dit hol uitgeslyt wees.

"Ja, maar die ou-mense het kaalvoet gegaan?"

"Dit maak geen verskil nie, want wat die slytasie veroorsaak is die skuring van sand en grint onder die voet, of dit 'n soolleer is of net die harde sool van 'n kaffervoet."

**In forte is geen 'militêre genie' te vinde nie.**

"Maar daar is nog veel meer," vervolg mnr. Moerdyk. "'n Endjie van die sogenoemde tempelgebou, op 'n koppie,

lê die sogenoemde "akropolis", of forte, waarvan beweer werd dat dit dan so'n buitengewone militêre genie verraai. Nouja, ons het daar urelang tussen die rotsklompe rondgeklim, en die affêre van alle mogelike kante bekyk, maar waar die danige "militêre genie" in geleë is, weet ek nie. As die verdedigers van daardie skanse-kompleks eers dáarin teruggedryf is,—m.a.w. as daar 'n vyand teen hulle in die veld moes kom, sterk genoeg om die verdedigers daarin terug te dryf,—dan sou die vyand ook sterk genoeg gewees het om hulle daar te hou totdat die laasteeen van honger en dors omgekom het, want daar is geen mogelike water- of kostoevoer nie.

"Dan is daar die omgewing waarin die bouvalle geleë is. Dit is eenvoudig ondenkbaar dat 'n grote bevolking vir lange tyd daar kon gewoon het sonder om die water, wat onmiddellik aan die onderkant van die bouvalle ontspring en loop, te besoedel, en te verpes, wat die plek onbewoonbaar sou gemaak het. Die terrein glooi af, van die bouvalle, naar die riviertjie, wat in 'n halfmaan daaromheen loop. Al die vuil en onreinigheid van die plek moes met reën daar ingespoel word.

"Neem verder die aanspoeling van grond deur reën. Die bouvalle is sodanig geleë dat, as dit daar ook maar vir enige duisende jare gestaan het, dit nagenoeg toegespoel moes gewees het.

"Ook die omvang van die geheel tref my as diminutief. Daar kon uiterlik

(Vervolg onder volgende kolom.)

'n paar honderd mense binne in die mure gewoon het. In vergelyking met die Sjinese muur, of die piramiedes, is dit klein. Daar is niks wat imponeer nie. Ek sou onderneem om met 'n paar honderd kaffers, en sonder enige ander hulpmiddele, die hele Zimbabwe binne ses maande te reproduseer!"